# Die gelowige ouer as geloofsvoorbeeld
## Prakties-teologiese perspektiewe op toerusting

G. van Wyk & C.J.H. Venter
Vakgroep Praktiese Teologie
Skool vir Kerkwetenskappe
Potchefstroomse Universiteit vir CHO
POTCHEFSTROOM
E-pos: kwscjhv@puknet.puk.ac.za
11949651@puknet.puk.ac.za

### Abstract

**The believing parent as an example of faith: Practical-theological perspectives on equipping**

*This article focuses on the unintentional process of learning that takes place in a child, especially with regard to the influence of the religious example of parents and peer groups. Firstly, applicable basis-theoretical material from Scripture regarding the necessity of an example in faith is analysed. Secondly, the processes of socialization and modelling are explained sociologically. Finally, some practical perspectives are suggested with regard to the minister's task of equipping parents to realise the necessity of their practical example of faith.*

### Opsomming

**Die gelowige ouer as geloofsvoorbeeld: prakties-teologiese perspektiewe op toerusting**

*Hierdie artikel fokus op die onintensionele leerproses wat by die kind plaasvind, veral op grond van die invloed van die ouers en ander portuurgroepe se godsdienstige voorbeeld. Eerstens word toepaslike Skriftuurlike gegewens oor die noodsaaklikheid van 'n godsdienstige voorbeeld basisteoreties geanaliseer. Tweedens word die sosialiserings- en modelleringsproses sosiologies uiteengesit. Laastens word praktiese perspektiewe oor die predikant se taak om ouers toe te rus oor die noodsaak van 'n praktiese geloofsvoorbeeld aangedui.*

# 1. Inleiding

## 1.1 Aktualiteit

Murphy-Geiss (2001:268) meld in 'n resensie oor Houseknecht en Pankhurst se boek *Family, religion, and social change in diverse societies* (2000), dat die outeurs van die boek tereg beweer dat die raakvlakke tussen godsdiens en die gesin met betrekking tot sosiale verandering tot dusver baie min wetenskaplike aandag ontvang het.

Die aspek van godsdiens en die gesin is reeds nagevors deur Breed (1989;1994) en ander. Oor gesinsverryking is 'n waardevolle bydrae vanuit 'n teologiese perspektief deur Louw (1989) gelewer. Die volgende aanhaling se belang word egter dikwels nie genoegsaam verreken nie: "... what adolescents observe their parents doing is more important than what parents say" (McDowell, 2002).

Hierdie stelling geld egter nie net vir adolessente nie, maar ook vir jonger kinders, en vir mense oor die algemeen. Hierdie enkele verwysing toon dat die nadere ondersoek van bogenoemde tema geregverdig is.

## 1.2 Ondersoekveld en metode

Die basisteoretiese ondersoekveld wat hierdie artikel dek, betrek Skrifgedeeltes uit die Nuwe Testament waarin gelowiges opgeroep word om bepaalde geloofsvoorbeelde na te volg. Vir die doeleindes van hierdie artikel is 'n seleksie uit die beskikbare Skrifgedeeltes gemaak om elkeen van die gedeeltes na te gaan vir moontlike toepaslike perspektiewe.

Die Sosiologie word betrek as metateoretiese ondersoekveld en die aspek van die kind se sosialisering in die gesin word nader ondersoek. Die sosialiseringsproses word uitgesonder omdat dit toepaslike perspektiewe bied op die ouer se geloofsvoorbeeld aan die kind in die gesin. Modellering as 'n vorm van die sosialiseringsproses word ook onder die loep geneem.

Op grond van die analise en interpretasie van gegewens word basisteoretiese perspektiewe geformuleer oor die verhouding tussen die gelowige ouer(s) en sy/haar kind(ers). Veral die ouers se geloofsvoorbeeld aan hulle kinders word betrek. Die fokus is nie op intensionele geloofsonderrig nie, maar eerder op die onintensionele geloofsvoorbeeld wat die ouer teenoor die kind uitleef sonder om daarvan bewus te wees (Van der Ven, Dreyer & Pieterse, 1997:867-873). Die onintensionele geloofsvoorbeeld het betrekking op die gelowige ouer se alledaagse

optrede en hantering van situasies op so 'n manier dat die gelowige ouer se Christenskap onbewustelik deurgegee word aan die kind.

Tweedens word metateoretiese perspektiewe vanuit die Sosiologie oor die sosialisering van 'n kind in die gesin gegee. 'n Onderskeid word getref tussen intensionele en onintensionele sosialisering. Daarna word verskeie rolspelers/agente ondersoek wat verder inspeel op die sosialisering van die kind.

Laastens word bepaalde praktiese perspektiewe gegee op die toerusting van die gelowige ouer as geloofsvoorbeeld vir die kind. Hierdie perspektiewe belig ook die noodsaak dat die predikant in sy toerusting van die gelowige ouer nie net klem sal lê op formele en intensionele geloofsonderrig (soos kategese of huisgodsdiens) nie. Aandag moet ook gegee word aan die onintensionele geloofsgetuienis wat van die ouer behoort uit te gaan.

## 2. Basisteoretiese perspektiewe op die begrip "voorbeeld" in die Nuwe Testament

Meermale in die Skrif word gelowiges opgeroep om mekaar se voorbeelde te volg. Die navolg van voorbeelde het ten doel om die regte lewenswyse te kweek – 'n lewenswyse wat in die wêreld getuig van die verlossing en vernuwing in Christus. In hierdie basisteoretiese ondersoek word vyf toepaslike Skrifgedeeltes nader beskou om afleidings te maak oor die geloofsgetuienis wat die gelowige ouer(s) aan sy/haar kind(ers) behoort te gee.

### 2.1 1 Korintiërs 11:1

"*Volg my voorbeeld, soos ek die voorbeeld van Christus volg.*"

Hierdie vers is as 't ware die samevatting en hoogtepunt van Paulus se redevoering in die laaste deel van hoofstuk 10 waar hy handel oor offervleis en die Christelike vryheid. In hoofstuk 10:23-33 stel Paulus die beginsel duidelik dat die Christelike vryheid neergelê moet word ter wille van die evangelie. Prior (1993:176-177) en Horsley (1998:21) meen dat hierdie riglyne gestel word vir die hele Christelike gemeente. Prior (1993:177) maak melding van "Paul's five ground-rules for life together in Christ".

Prior sit hierdie voorwaardes soos volg uiteen:

> 'Do all to the glory of God' (31) – not to establish my freedom.
>
> 'Try to please all men in everything' (33) – not claiming my rights.

> ‘Seek the advantages of many’ (33) – not my benefit or fulfillment.
>
> ‘Seek that many may be saved’ (33) – not being preoccupied with my personal salvation.
>
> ‘Be imitators of Christ’ (11:1) – not boosting my reputation.

Paulus roep die gemeente hier op om sy voorbeeld te volg. Hy sê hulle moet hom μιμηταί. Dit beteken om hom na te doen, of na te volg in sy optrede (Liddell & Scott, 1953:447). Die Korintiërs moet dus na hom kyk, sien hoe hy in hierdie opsig in sy eie lewe maak, en dan ook so in hul eie lewe maak. Hy stel dit egter duidelik dat hyself net die voorbeeld van Christus navolg. Christus is by uitstek die hoogste voorbeeld as Persoon wat sy vryheid opgeoffer het ter wille van die mens.

Opmerklik is dat Paulus in sy onderrig aan die Korintiërs, hulle wys op sy eie lewe. Wat hy dus aan hulle verkondig, en dit wat hyself prakties uitleef, is in ooreenstemming. Sy onderrig oor hierdie sensitiewe saak van die neerlê van Christelike vryheid is deel van sy eie lewe. Daar kon geen aantyging teen hom gemaak word dat hy self hieraan ongehoorsaam is nie. Sy eie lewe is dus deel van die onderrig wat hy gee aan die gemeente in Korinte.

**Basisteoretiese afleiding**

- Woorde + dade = geloofsvoorbeeld (woord en daad kan egter tydelik geskei wees).
- Geloofsonderrig behoort te steun op woorde sowel as die voorbeeld van dade.
- Gelowige ouers wat opdragte en riglyne aan hul kinders gee, moet ook self inisiatief neem en daaraan getrou wees.

### 2.2 Efesiërs 5:1

> “*Omdat julle kinders van God is en Hy julle liefhet, moet julle sy voorbeeld volg. Lewe in liefde, soos Christus ons ook liefgehad het.*”

Net soos in die geval van 1 Korintiërs 11:1 kom die oproep om ’n voorbeeld na te volg as die hoogtepunt van Paulus se redevoering in hoofstuk 4 van Efesiërs (O’Brien, 1999:352; MacDonald, 2000:310). Soos in 1 Korintiërs 11:1 word baie praktiese sake in die voorafgaande deel in Efesiërs 4 aangeraak. Hoofstuk 4:25-32 handel oor die Christelike lewe en negatiewe reaksies, onder andere woede, diefstal, vuil taal, verbitterdheid, en opvlieëndheid – wat nie in ooreenstemming is met die voorbeeld van ’n Christelike lewe nie – word bespreek. Opmerklik is dan dat Paulus weer die bespreking van baie praktiese sake afsluit met die oproep om ’n voorbeeld van God self na te volg.

Hierdie oproep is uniek in sekere opsigte, want dit is die enigste plek in die Ou en Nuwe Testament waar ’n oproep voorkom om God self na te boots (MacDonald, 2000:310; O’Brien, 1999:352; Schnackenburg, 1991: 211). Die lesers van Efesiërs word aangemoedig om hul Vader na te boots deur dieselfde oorvloedige vergiffenis aan ander te bewys as wat hul Vader aan hulle bewys het (Schnackenburg, 1991:212). Die frase kan letterlik vertaal word as: “Wees daarom nadoeners van God soos geliefde kinders.” Die verwysing na die lesers as τέκνα ἀγαπητα is nie ’n eenvoudige vergelyking van die verhouding tussen ’n pa en kinders nie. Dat hulle geliefde kinders is, is die gronde waarop die Efesiërs God die Vader se voorbeeld moet navolg (O’Brien, 1999:352). Hulle is aangeneem in God se gesin en is sy geliefde kinders (vgl. Efesiërs 1:5). Hulle moet daarom ook nou die beeld van die gesin waarvan hulle deel is, uitstraal.

Die implikasie wat hierdie nadoen van God beteken, vind ons in vers 2 van hierdie hoofstuk. Hierdie nadoen van God beteken om in liefde te lewe (περιπατεῖτε ἐν ἀγάπῃ). Om God na te doen, is dus om in liefde te lewe/handel. Die werkwoord περιπατεῖε dui op algemene daaglikse gedrag, gedrag wat nie die gelowige gemeenskap tot skande maak nie, maar iets weerspieël van die ware kern van die gemeenskap (MacDonald, 2000:310-311). Net soos kinders hulle ouers naboots, moet ons ook ons hemelse Vader naboots (Stott, 1991a:191).

**Basisteoretiese afleidings**

- Om kinders op te roep tot gelowige gedrag vereis ’n voorbeeld om na te volg.
- Die nabootsing behoort te geskied op grond van die alledaagse praktiese lewe van die gelowige ouer.
- Die gelowige ouer behoort die kern van die gelowige gemeenskap, die liefde, vir die kind te weerspieël.
- Dat gelowiges hul Vader moet naboots, veronderstel dat kinders gewoonlik ook hulle ouers naboots.[1]

## 2.3 Filippense 3:17

> “*Wees my navolgers, broers, en let op die mense wat lewe volgens die voorbeeld wat ons vir julle stel.*”

1 Hierdie afleiding dat kinders hul ouers naboots, bevestig wat later deur die meta-teoretiese ondersoek in die Sosiologie bevind word.

In Filippense 3 skryf Paulus oor die Christelike lewe. Daar kan nie staat gemaak word op uiterlike dinge soos die besnydenis (3:5) nie: in die Christelike lewe gaan dit om die innerlike gesindheid om Christus in alles na te streef, om Hom te ken en die krag van sy opstanding te wil ervaar (3:10). Hierdie innerlike gesindheid loop egter weer uit op die praktiese lewe (Motyer, 1991:183-184). Soos Fee (1999:160) dit oor hierdie vers stel: "For Paul correct thinking must lead to right living."

Fee meen ook verder dat Paulus aansluit by sy Joodse erfenis deur die Filippense op te roep om saam navolgers te wees. Συμμιμηται wat in die 1983-vertaling vertaal word met "navolgers", beteken letterlik "saam-nabootsers". Die gelowiges moet saamgebind wees in die navolging van Paulus se voorbeeld. Fee verklaar die betekenis van hierdie erfenis waarna verwys word só: die Joodse leerling wat onderrig is, het nie slegs verbale onderrig ontvang nie, maar moes ook die voorbeeld van sy onderwyser in praktyk bring. Wie op hierdie wyse naboots, internaliseer die model wat aan hom deur sy onderwyser voorgehou word, en lééf hierdie voorbeeld prakties uit (Fee, 1999:161).

Paulus hou homself in hierdie Skrifgedeelte nie net as voorbeeld voor nie, maar gee ook die opdrag dat die Efesiërs ander moet dophou wat reeds lewe volgens die voorbeeld wat hulle ook in Paulus het (Oakes, 2001: 116-117; Fee, 1999:161). Paulus is nie 'n voorbeeld op grond van sy apostoliese gesag nie, maar enige gelowige wat Christelike getuienis uitstraal, kan as voorbeeld vir ander gelowiges dien (Thielman, 1995: 199). Gelowiges is vir mekaar tot voorbeeld.

Die besondere belang van hierdie vers oor navolging is duidelik uit die daaropvolgende verse (18 en 19). In hierdie verse word mense voorgehou wat 'n slegte voorbeeld is. Paulus noem hulle selfs vyande van die kruis van Christus. Hulle gedrag word aan die Filippense voorgehou as gedrag wat die kruis van Christus skade doen. Die Christelike gedrag moet egter die teendeel tot gevolg hê, naamlik die vaslê van die boodskap van die kruis (Thielman, 1995:198). Paulus skryf in Filippense oor sy eie situasie sodat hy 'n model aan hulle kan voorhou om te volg in hulle situasie (Oakes, 2001:121).

**Basisteoretiese afleidings**

- Kinders van gelowige ouers kan nie net teoreties onderrig word nie, maar moet praktiese geloofsvoorbeelde van hul ouers sien om na te volg.
- Praktiese geloofsvoorbeelde van gelowige ouers is noodsaaklik omdat kinders, wanneer 'n voorbeeld ontbreek, verkeerde voorbeelde sal navolg, al is die teoretiese Christelike onderrig in orde.

- Enige gelowige ouer wat in sy/haar lewe getuig van sy/haar geloof, kan as ’n voorbeeld dien.

## 2.4 1 Tessalonisense 1:5, 6

> *“... want die evangelie wat ons aan julle verkondig het, het nie bloot met woorde tot julle gekom nie, maar ook met krag en deur die Heilige Gees en met volle oortuiging. Julle weet trouens hoe ons by julle opgetree het, en dít om julle ontwil. En julle het ons voorbeeld gevolg en volgelinge van die Here geword. In baie moeilike omstandighede het julle die woord aangeneem met ’n blydskap wat van die Heilige Gees kom.*”

In hierdie eerste verse skryf Paulus oor die gemeente in Tessalonika se bekering en oor hulle (Paulus, Timoteus en Silvanus se) vroeëre besoek aan die gemeente toe die Tessalonisense bekeer geraak het. Paulus herinner hulle aan hoe dit gebeur het (Stott, 1991b:19) en maak duidelik wat alles ingespeel het op die uiteindelike bekering en stigting van die gemeente.

Wat vir die doel van hierdie artikel van besondere belang is, is die rol van Paulus-hulle se optrede in die Tessalonisense se bekering, en hoe die gemeente dit as voorbeeld nagevolg het. Die verkondiging het nie net met woorde geskied nie, maar is in dade vergestalt. Daarom het die Tessalonisense later ook nie net die woord van die evangelie oorgedra nie, maar ook die daad daarvan (vgl. verse 8 en 9).

Daar kan nie gepraat word oor die ontstaan van die kerk sonder om oor die evangelie te praat nie. Die evangelie bring die kerk tot stand en die kerk versprei die evangelie (Stott, 1991b:32). Ons vind in hierdie verse ’n besondere fokus op hierdie evangelie. Paulus stel dat die evangelie tot die Tessalonisense gekom het met krag, deur die Gees en in oortuiging. In die volgende sin beskryf hy dat hierdie krag – die werking van die Gees en oortuiging – tot uiting gekom het in die wyse waarop Paulus-hulle opgetree het in die gemeente (vgl. vers 5, 6).

Paulus-hulle se praktiese optrede in die gemeente was essensieel vir die hele evangelisering van die Tessalonisense, want hulle was self ’n voorbeeld van die evangelie. Die gemeente is gelei om op te tree soos Paulus-hulle self opgetree het, deur hulle na te doen (μιμηταὶ). Deur Paulus-hulle se voorbeeld te volg, het die gemeente die Here self nagevolg. Die gemeente het dus ook geweet hoe hulle prakties moet optree in ooreenstemming met die riglyne en eise van die evangelie (Stott, 1991b:36).

**Basisteoretiese afleidings**

- Gelowige ouers kan nie net die boodskap van die evangelie wil oordra met woorde nie; die evangelie is in wese 'n saak van woord en daad.
- Gelowige ouers moet sorg dat die evangelie wat hulle in woorde aan hul kinders oordra, bevestig word deur praktiese geloofsvoorbeelde in hul eie lewe.
- Hierdie praktiese geloofsvoorbeelde van die gelowige ouers geskied in krag, deur die Heilige Gees, en met oortuiging.
- Kinders wat hulle ouers se geloofsvoorbeeld sien en dit volg, boots nie net hul ouers na nie, maar is in wese volgelinge van die Here self.

## 2.5 Titus 2:7

> "*Betoon jou in alles 'n voorbeeld van goeie werke, met onvervalstheid in die leer, waardigheid, opregtheid*."

Paulus is in hierdie gedeelte besig om aan Titus riglyne te gee oor hoe hy moet optree teenoor die verskillende groepe in die gemeente op die eiland Kreta. Die groepe verteenwoordig ouer mans, ouer vroue, jonger vroue en jonger mans. As samevattende sin stel hy dan vers 7 (Bassler, 1996:197). Titus moet 'n voorbeeld wees vir al hierdie groepe. Anders as in die ander teksverse wat behandel is, is die sleutelwoord nou nie meer μιμηταὶ nie, maar τύπον. Hierdie woord beteken om 'n model of 'n voorbeeld te wees van hoe iets moet wees (Liddel & Scott, 1953:721).

Die eiland Kreta het 'n groot Joodse gemeenskap gehad. Die hawes van die eiland was bekend daarvoor dat hulle seerowersneste was, en die inwoners was algemeen bekend as ongeneesbare leuenaars (Bassler, 1996:185). Teen hierdie agtergrond van die eilandbewoners se goddelose optrede moet Titus in die gemeente optree (Bassler, 1996:191). Juis in hierdie gemeenskap van soveel onreg moet Titus die evangelie vestig deur nie net met woorde voor te gaan nie, maar ook in daad. Sy eie lewe moet as voorbeeld en bevestiging dien van dit wat hy preek. Calvyn meen dat sonder 'n lewe van goeie dade, waardigheid en opregtheid, die onvervalstheid van die leer sonder gesag is (kyk Calvyn, 1856:313).

Onder die goeie werke wat as voorbeeld dien, is die gesonde leer, integriteit en opregtheid (ἐν τῇ διδασκαλίᾳ ἀφθορίαν, σεμνότητα,). Wat hier vooropstaan, is dat die goeie werke moet geskied in getrouheid aan die leer, met integriteit en in opregtheid. Daar mag dus geen valse voorwendsels wees nie. Hierdie opdrag aan Titus is belangrik, want sy gesag lê in die opregtheid en integriteit van sy diens. So 'n gedragswyse en gesindheid sal sy teenstanders beskaamd maak (vers 8). Die riglyn

wat Paulus hier gee, is om in ooreenstemming met die leer (wat doel en aard betref) goeie werke te doen met integriteit en in opregtheid.

**Basisteoretiese afleidings**

- Die gesag van gelowige ouers se geloofsvoorbeeld aan hul kinders lê daarin dat dit in ooreenstemming met die gesonde leer is, dat dit met integriteit gepaard gaan en in opregtheid geskied.
- Al mag die kind teen die geloofsvoorbeeld in opstand kom, sal geloofsgetuienis wat met integriteit gepaard gaan en in opregtheid geskied, hulle uiteindelik bring tot skaamte en inkeer.

## 2.6 Samevatting van basisteoretiese resultate

- Woorde + dade = geloofsvoorbeeld (woord en daad kan egter tydelik geskei wees).
- Geloofsonderrig behoort te steun op woorde sowel as die voorbeeld van dade.
- Gelowige ouers wat opdragte en riglyne aan hul kinders gee, moet ook self inisiatief neem en aan hulle voorbeeld getrou wees.
- Om kinders op te roep tot gelowige gedrag, vereis ’n voorbeeld om na te volg.
- Nabootsing behoort te geskied op grond van die gelowige ouer se praktiese uitlewing van alledaagse sake.
- Gelowige ouers behoort die kern van ’n gelowige gemeenskap, naamlik liefde, vir die kind te weerspieël.
- Dat gelowiges hul Vader moet naboots, veronderstel dat kinders gewoonlik ook hulle ouers naboots.
- Die kinders van gelowige ouers kan nie net formeel onderrig word nie, maar moet praktiese geloofsvoorbeelde van hul ouers sien om na te volg.
- Die praktiese geloofsvoorbeelde van gelowige ouers is noodsaaklik omdat kinders, in die afwesigheid daarvan, verkeerde voorbeelde sal navolg, al is die teoretiese Christelike onderrig in orde.
- Enige gelowige ouer wat in sy/haar lewe getuig van sy/haar geloof, kan as ’n voorbeeld dien.
- Gelowige ouers kan nie net die evangelie wil oordra met woorde nie; die evangelie is in wese ’n saak van woord en daad.

- Gelowige ouers moet sorg dat die evangelie wat hulle in woorde aan hul kinders oordra, bevestig word deur praktiese geloofsvoorbeelde in hul eie lewe.
- Hierdie praktiese geloofsvoorbeelde van die gelowige ouers geskied in krag, deur die Heilige Gees, en met oortuiging.
- Kinders wat hulle ouers se geloofsvoorbeeld sien en dit volg, boots nie net hul ouers na nie, maar is in wese volgelinge van die Here self.
- Die gesag van gelowige ouers se geloofsvoorbeeld aan hul kinders lê daarin dat dit in ooreenstemming met die gesonde leer is, dat dit met integriteit gepaard gaan en in opregtheid geskied.
- Al mag die kind teen die geloofsvoorbeeld in opstand kom, sal die geloofsgetuienis wat in ooreenstemming is met die gesonde leer, met integriteit gepaard gaan en in opregtheid geskied, hulle uiteindelik bring tot skaamte en inkeer.

## 3. Metateoretiese perspektiewe op sosialisering

Vir doeleindes van hierdie artikel word metateoretiese perspektiewe uit die Sosiologie as toepaslik beskou. Volgens Popenoe, Cunningham en Boult (1998:2) is Sosiologie die sistematiese en objektiewe studie van die menslike gemeenskap en sosiale interaksie en kom die sosialisering van die mens in die Sosiologie ter sprake. Knuttila (1996:73) meen dat die sosialiseringsproses een van die belangrikste konsepte in die Sosiologie is. Die konsep van sosialisering word beskou as die noodsaaklike skakel tussen die individu en die sosiale struktuur waarbinne daardie individu leef.

### 3.1 Sosialisering

Baie verskillende definisies van die begrip sosialisering word in die beskikbare vakliteratuur voorgehou (Knuttila, 1996:73; Landis, 995:38; Popenoe *et al*., 1998:101; De Witt & Booysen, 1995:16; Calhoun *et al*., 1997:120). Daar is egter geen wesenlike verskil in hierdie definisies nie. Vir die doel van hierdie artikel word aangesluit by die definisie van Calhoun *et al*. (1997:120) wat soos volg lui: "This process of learning the beliefs, norms, and values that are socially expected of us as members of a particular society or a particular social group is called socialization."

Sosialisering gaan dus oor die proses waardeur 'n individu houdings, norme en waardes aanleer. Hierdie proses vind plaas binne 'n bepaalde sosiale sisteem of gemeenskap en is die wyse waarop die individu hom-/haarself by die sisteem of gemeenskap voeg. Vir die doel van hierdie artikel word die kerngesin met gelowige ouer(s) geneem as die sosiale

sisteem waarin hierdie lewensbeskoulike fasette aangeleer word. Die gesin[2] word gekies omdat die kind se sosialisering grootliks steun op die interaksie tussen gesinslede, met die ouers as die primêre agente.

Die proses van sosialisering duur regdeur die menslike lewe voort (Landis, 1995:39). In dié artikel word gefokus op die sosialisering van die kind wat as lid van die gesin steeds in die huishouding woon en funksioneer. Die fokus is op die kind wat onder direkte invloed van sy/haar ouers is omdat die gesin gesien word as die inisiële en primêre omgewing waar die kind gesosialiseer word (De Witt & Booysen, 1995: 17).

Van der Ven, Dreyer en Pieterse, (1997:867-873) meen dat godsdienstige sosialisering verwys na die oordrag van godsdienstige norme en waardes van een generasie na ’n ander. Hulle verwys na die bekende sosioloog, Albert Bandura, wat ’n onderskeid tref tussen die doelbewuste en nie-doelbewuste aspekte van die sosialiseringsproses.

- **Intensionele sosialisering**

Die bewustelike aspekte in die sosialiseringsproses kan gesien word as intensionele onderrig. Intensionele onderrig impliseer dat doelbewuste pogings aangewend word om kinders te onderrig in ’n bepaalde rigting en dat maatreëls getref word om hierdie doel te verwesenlik. ’n Goeie voorbeeld hiervan is kerklike kategese. Kategese is ’n vorm van intensionele geloofsonderrig en opvoeding. Breed (1994:280-283) sit die verskillende doelstellings van kategese soos volg uiteen:

– Die verheerliking van God

– Die totstandkoming, onderhouding en groei van God se volk

– ’n Lewe volgens God se orde soos vasgelê in die skepping en wet tot seën van die land

– Persoonlike geloofsgroei by die kind

- **Onintensionele sosialisering**

Die nie-doelbewuste aspekte van die sosialiseringsproses daarenteen kan gesien word as onintensionele onderrig (Van der Ven *et al*., 1997: 867-873). Onintensionele onderrig beteken dat die kind in die sosialiseringsproses ’n bepaalde vaardigheid of gesindheid aanleer,

2 Die gesin word gewoonlik in die Sosiologie apart bespreek as een van die agente of rolspelers van die sosialiseringsproses. Omdat die agent (ouers) van die sosialiseringsproses en die sosiale sisteem (kerngesin) waarbinne die kind gesosialiseer word, in hierdie geval geïntegreer is, word die invloed van die kerngesin deurgaans genoem en nie later apart hanteer as een van die rolspelers nie.

sonder dat die intensie van onderrig teenwoordig was. Hierdie tipe onderrig impliseer dat daar geen struktuur of 'n bepaalde tyd is waarin dit moet geskied nie – hierdie onderrig vind plaas in die gewone gang van die lewe.

'n Positiewe voorbeeld van onintensionele sosialisering is wanneer 'n kind – soos sy/haar ouer(s) – dieselfde deernis en sorg toon teenoor iemand wat op een of ander wyse verdruk is. 'n Negatiewe voorbeeld is wanneer kinders rassistiese opmerkings maak of rassisties optree sonder dat hulle ouers so iets doen. Die kinders tree dus teenstrydig met hul opvoeding op en doen negatiewe dinge sonder dat hulle sodanige voorbeelde by hulle ouers gekry het.

Die fokus van hierdie artikel val op die onintensionele geloofsonderrig wat ouers aan hulle kinders gee. Die onintensionele geloofsonderrig behoort ook dieselfde doel na te streef as die intensionele onderrig, soos hierbo genoem. Daar is egter dikwels konflik tussen die intensionele geloofsonderrig en die onintensionele geloofsonderrig wat ouers aan hulle kinders gee.

Wat ouers sê en wat hulle doen, stem in baie gevalle nie altyd ooreen nie; wat ouers doen, negeer dikwels wat hulle sê. Die effek van intensionele onderrig word drasties geminimaliseer wanneer dit teëgespreek word deur onintensionele onderrig. Net so is die onintensionele onderrig nodig om die effek van die intensionele onderrig tot sy reg te laat kom. As die kind byvoorbeeld nie sien hoe die ouer(s) se lewe God verheerlik in hul alledaagse optrede nie, gaan die kind dit ook nouliks self doen, al weet die kind teoreties dat dit moet en hoe dit kan gebeur.

Die kind word op intensionele en onintensionele wyse gesosialiseer. Intensioneel en onintensioneel word houdings, norme en waardes oorgedra aan die kind. Hierdie houdings, norme en waardes bly die kind gewoonlik by vir die res van sy/haar lewe. Na die moeilike jare van adolessensie keer hulle ook in die reël daarna terug (Calhoun *et al*., 1997:139).

## 3.2 Sosialiseringsagente

Soos reeds genoem, staan die ouers van die kind voorop as die belangrikste rolspelers in die sosialiseringsproses. Die ouers het die grootste invloed op die kind se verstaan van hom-/haarself en van sy/haar omgewing. Die verhouding wat die kind met sy ouers het en sy ouers se optrede is dikwels die bloudruk vir die res van daardie kind se verhoudings en sy/haar optrede (De Witt & Booysen, 1995:8; Bassis, Gelles & Levine, 1991:100).

Daar bestaan ook ander agente wat 'n noemenswaardige invloed op die kind kan hê (Schaefer & Lamm, 1992:115-122; Cockerham, 1995:77-81; Broom, Bonjean & Broom, 1990:72-75; Knutilla, 1996:81-87). Die noodsaak van goeie sosialisering deur die ouers is veral belangrik omdat 'n positiewe gedragswyse dikwels weerspreek word deur die ander rolspelers of agente in die sosialiseringsproses.

Om die belangrikheid van die ouers se rol in die sosialiseringsproses van die kind duidelik te maak word die mees algemene agente buiten die ouers kortliks bespreek. Vir die doel van hierdie artikel word slegs gefokus op die bepaalde agente wat 'n groot invloed op die kind kan uitoefen, naamlik die kind se portuurgroep, die skool en die media.

Alhoewel hierdie agente dikwels positiewe sosialisering tot gevolg het, is hierdie agente se invloed veral belangrik om van kennis te neem, omdat dit in baie gevalle in konflik kan wees met die ouers se sosialisering van die kind. Vervolgens word net gelet op die moontlike negatiewe sosialisering wat hierdie agente tot gevolg kan hê.

- **Portuurgroep**

Hierdie term verwys na 'n groep mense wat breedweg dieselfde sosiale status het en dieselfde ouderdom is. Lede van dieselfde portuurgroep is nie noodwendig vriende nie. By kinders word die portuurgroep grootliks toevallig gevorm. Eers later word 'n bewuste keuse daartoe uitgeoefen om bewustelik deel te wees van die portuurgroep (Popenoe *et al*., 1998:93). Hoe ouer die kind word, hoe groter is die invloed van die kind se portuurgroep teenoor die invloed van die kind se ouers. Die kind is gedurende adolessensie die meeste beïnvloedbaar deur sy/haar portuurgroep.

In die portuurgroep speel onintensionele sosialisering 'n groot rol. So divers as wat die portuurgroep kan wees, so divers kan die ongewenste sosialiseringswyse vir die kind wees. Die kind se portuurgroep kan bestaan uit arm, ryk, Christen, Moslem, manlik, vroulik, swart, wit, ensovoorts. In die kind se portuurgroep kan ook kinders voorkom wat ongedissiplineerd is of ontoereikende opvoeding ontvang het. Hierdie diversiteit kan ongewenste sosialisering tot gevolg hê. Groepsdruk is maar een van die baie bekende woorde wat gebruik word wanneer oor tieners gepraat word. In baie gevalle word die kind deur sy portuurgroep blootgestel aan drank en dwelmmisbruik, pornografie, slegte taalgebruik, opstand teen gesag, ensovoorts (Broom *et al*.,1990:74).

- **Skool**

Omdat die kind grootliks by die skool in kontak kom met sy/haar portuurgroep, is die sosialisering grootliks dieselfde (Popenoe *et al*., 1998:93). Wat die skool egter as agent van die portuurgroep onderskei, kan die aanwesigheid van onderwysers, dissipline en ook formele godsdiensonderrig wees – faktore wat die kind sosialiseer op maniere waarteen die ouers gekant kan wees. In die huidige Suid-Afrikaanse konteks kan dit dikwels die geval wees. Die kind sien op na, en is beïnvloedbaar deur die onderwyser (Calhoun *et al*., 1997:135). Onderwysers is dikwels volgens sommige ouers se mening nie noodwendig geskik as voorbeeld en agent vir die kind se sosialisering nie.

Omdat 'n groot deel van die ouers se sosialisering van hul kinders berus op die oordra van die houdings, norme en waardes van hul eie godsdiens, kan die houdings, norme en waardes wat godsdiensonderrig in skole oordra, in konflik wees met dit wat die ouers aan die kind oordra.

- **Media**

Kinders word ook gesosialiseer deur die media. Onder media word die volgende verstaan: televisie, musiek, films, rekenaarspeletjies, boeke, tydskrifte en die internet. Alhoewel al hierdie mediavorme agente is in die sosialiseringsproses, speel televisie en films seker die grootste rol (Calhoun *et al*., 1997:135).

Die visuele aard van televisiekommunikasie is baie aanloklik vir kinders (Calhoun *et al*., 1997:135). Calhoun *et al*. (1997:139) maak die volgende stelling: "Overall, children in the United States (and other Western nations) spend more time watching television than they spend in school." Dit is dan te verstane dat televisie 'n groot invloed het op die kind se sosialisering. Die *tyd* wat aan televisiekyk bestee word, is nie soseer van belang is nie, maar wel die *inhoud* van die programme (Botha, Louw, Van Ede, Louw & Ferns, 1998:282). Veral die voorkoms van aggressie en geweld en die invloed daarvan op kinders geniet wye aandag in navorsing. In Suid-Afrika kom ongeveer ses gewelddadige insidente per uur gedurende prima-kyktyd voor (Botha *et al*., 1998:282).

Televisiegeweld het 'n besliste invloed op kinders (Botha *et al*., 1998: 283). Dit kan gebeur dat die kind hom-/haarself identifiseer met 'n aggressiewe held, of die held modelleer. Jong kinders verstaan dikwels nie die konteks waarin die geweld plaasvind nie, en kan daarom ook nie redes onderskei vir die geweld nie. Kinders kan die voorkoms van geweld interpreteer asof dit bloot deel van die alledaagse lewe skyn te wees.

Aggressie en geweld is maar een van die mees bestudeerde televisieonderwerpe, maar wat films en televisieprogramme betref, is die toename in seksuele permissiwiteit beduidend. Dié blootstelling kan ’n groot invloed hê op die kind se begrip van en houding teenoor seks en seksualiteit, wat nie altyd gewens uitgebeeld word nie.

## 3.3 Modellering

Die sosialiseringsproses geskied grootliks aan die hand van modellering. Daarom word nou aandag gegee aan die proses van modellering.

Albert Bandura, na wie vroeër verwys is, het in 1986 ’n gesagvolle standaardwerk geskryf met die titel *Social foundations of thought and action*. In hierdie boek bespreek hy modellering breedvoerig. In hierdie artikel word sy teorie oor modellering gebruik.


Om modellering te definieer is nie ’n maklike taak nie. Modellering dra elemente van blote mimiek en elemente van identifikasie. Tog het modellering ook dikwels ’n verreikende sielkundige effek op mense. Modellering is deur die jare nog altyd erken as een van die kragtigste middels vir die oordrag van waardes, houdings, asook denk- en gedragspatrone (Bandura, 1986:47-48).

Oor modellering sê Bandura (1986:51) die volgende: “Providing a model of thought and action is one of the most effective ways to convey information about the rules for producing new behavior.” Vir hom het die modelleringsproses die doel om nuwe gedrag voort te bring.

Hy meen dat leer aan die hand van ’n model (*observational learning*) uit vier prosesse bestaan:

- aandaggewende prosesse (*attentional processes*);
- bewaringsprosesse (*retention processes*);
- produksieprosesse (*production processes*);
- motiverende prosesse (*motivational processes*)

Die vier prosesse kan aan die hand van die volgende skema verduidelik word:




### 3.3.1 Aandaggewende prosesse

Mense kan nie baie leer deur blote waarneming nie. Hulle moet die nodige aandag gee en die relevante aspekte van die model reg verstaan. Die mate van aandag bepaal wat selektief raakgesien word en watter informasie op grond van die model se gedragswyse afgelei word. Bepaalde faktore beïnvloed die aandag aan die model, sowel as die wyse waarop die model se gedrag begryp word: die kognitiewe vermoëns van die waarnemer; ander algemene eienskappe van die waarnemer; die elemente van die model self (byvoorbeeld gereeldheid van blootsteling, funksionaliteit, ingewikkeldheid en doeltreffendheid) (Bandura, 1986:51).

- **Bewaringsprosesse**

Indien mense modelle nie onthou nie, kan hulle nie noemenswaardig daardeur beïnvloed word nie. Mededeling kan dus net plaasvind indien kennis van die model wat een of ander tyd waargeneem is, onthou word. Om voordeel te put uit die gedrag van ander, selfs wanneer hulle nie meer teenwoordig is om as model op te tree nie, moet die gemodelleerde informasie in die geheue bewaar word. Die vermoë om simbole en visuele modelle maklik te onthou stel die mens in staat om ’n

eie gedragswyse aan te leer deur ander se gedrag dop te hou (Bandura, 1986:55-56).

- **Produksieprosesse**

Die derde komponent van die modelleringsproses behels die oorskakeling van simboliese konsepte en begrippe na bypassende dade. Die mens stel vir hom-/haarself die meeste gemodelleerde gedragspatrone voor as abstrakte konsepte en reëls van optrede wat omskryf wat gedoen moet word. Die reproduksie van die model geskied deurdat die model se gedragswyse ruimtelik (op ’n bepaalde/gepaste plek/ situasie) en temporeel (op ’n bepaalde/gepaste tyd) begryp word (Bandura, 1986:63).

- **Motiverende prosesse**

Nie alle modelle wat begryp word, sal noodwendig nuwe gedrag by die waarnemer bewerkstellig nie. Mense doen nie alles wat hulle leer nie. Die afwesigheid van modelleringsoordrag gebeur gewoonlik wanneer wat geleer is, min funksionele waarde het of hoërisikostraf veronderstel. Wanneer ’n positiewe gedragswyse egter beloon word, word die blote vermoë om ’n gemotiveerde proses te aktiveer dikwels in dade omgesit. Om te doen wat geleer is, word beïnvloed deur drie bronne van beloning: direk (byvoorbeeld ’n sterretjie deur die onderwyser op die kleuter se voorkop), indirek (byvoorbeeld ’n suksesvolle loopbaan as kunstenaar), en selfgemotiveerdheid (om volgens selfgestelde standaarde te leef). Motivering is nodig om dit wat op grond van die model geleer is, tot dade te bring (Bandura, 1986:68).

## 3.4 Samevatting van metateoretiese resultate

Die godsdienstige sosialisering van die kind vind primêr in die huisgesin plaas met die ouers as hoofrolspelers in die proses. Die ouers se sosialisering van die kind vind sowel intensioneel as onintensioneel plaas. Ouers dra dus houdings, norme en waardes oor aan die kind(ers), selfs al is dit nie hulle intensie nie. Die effek van ouers se intensionele geloofsonderrig word drasties geminimaliseer as dit weerspreek word deur onintensionele onderrig wat bestaan uit ’n slegte geloofsvoorbeeld in praktyk.

Dit is dus absoluut noodsaaklik dat intensionele en onintensionele geloofsonderrig deur ouers ooreen móét stem. Indien dit nie die geval is nie, is kinders meer geneig om beïnvloed te word deur ander sosialiseringsagente waaraan hul blootgestel is – agente wat dikwels die kind negatief kan beïnvloed. Die ouer(s) kan hierdie negatiewe invloede minimaliseer deur self konsekwent te wees in woord en daad.

Die mate waarin die geloofsvoorbeeld van die ouer(s) gedragsverandering by kind(ers) teweeg sal bring, hang af van die wyse waarop die verskillende modelleringsprosesse verloop. Geeneen van hierdie prosesse (aandaggewend, bewarend, reproduserend en motiverend) kan belangriker as die ander beskou word nie. Tog is die motiverende prosesse uniek in die sin dat die ouer(s), buiten sy/haar geloofsvoorbeeld, in hierdie opsig 'n groot rol te speel het. Buiten die feit dat die kind(ers) deur die genade van die Gees die funksionele waarde van hul geloof kan ontdek, en dit dan as motivering kan dien, moet die ouer(s) sorg dra dat hulle beloning vir die kind se regte optrede gebalanseerd is.

Langs die weg van hierdie prosesse word die gemodelleerde gedrag in die kind tot stand gebring. Kennis van hierdie prosesse kan groter begrip gee om situasies te verstaan waarin kinders vreemde sosialiseringswyses toon.

## 4. Praktykteoretiese perspektiewe op toerusting

Uit die basisteoretiese en metateoretiese ontginning blyk duidelik dat die ouer(s) se praktiese geloofsvoorbeeld en gedragswyse 'n wesenlike en noodsaaklike aspek is van die ouer se geloofstoerusting aan sy/haar kind(ers). Die vraag is dus wat die toerusting van die ouer(s) in hierdie opsig behels. Alhoewel elke gemeente uniek is en 'n eie profiel het, word in die volgende deel van die artikel algemene perspektiewe gegee om nadenke oor die toerusting van ouers te stimuleer.

Die predikant se geloofstoerusting van die ouer(s) kan ook verdeel word onder doelbewuste en nie-doelbewuste toerusting.

### 4.1 Doelbewuste geloofstoerusting

Doelbewuste metodes word bespreek aan die hand van die wyse/kanale en die inhoud van die toerusting.

- **Wyse/kanale van toerusting**
  - **Prediking**

    In die prediking kan aandag gegee word aan die onderwerp soos in die artikel uiteengesit. Daar kan ook veral gelet word op die implikasie van die ouers se doopbelofte op die opvoeding van hul kinders. Die verantwoordelikheid lê by die ouer om die kind te lei in kerklike betrokkenheid. Dié verantwoordelikheid kan nie aan die kind alleen oorgelaat word nie. Reeksprediking is ook moontlik deur tematies uit die Skrif lig te werp op elke lid van die gesin se rol in die gesin en gemeente.

– **Bybelstudie**

Bybelstudiegroepe kan ingedeel word (tydelik of permanent) sodat ouers met kinders van min of meer dieselfde ouderdom in dieselfde groep is. Bybelstudieriglyne kan dan aan hulle deurgegee word oor relevante tekste wat hulle kan toerus vir hul ouerskap. Om die ouers saam te groepeer kan daartoe bydra dat hulle mekaar ook uit eie ervaring sal bemoedig en raad gee.

– **Huisbesoek**

Die onderwerp van kinders se geloofsosialisering kan tydens huisbesoek aangeraak word. Huisbesoek kan ook as ’n geleentheid vir die predikant dien om inligting in te win oor die stand van sake oor dié onderwerp in die gemeente. Huisbesoek is ’n goeie kontakgeleentheid met die jongmense waartydens hulle uitgevra kan word oor hul kerklike belewing, die relevansie wat dit volgens hulle vir jongmense inhou en hoe hulle dink dat hulle ouers daartoe kan bydra.

– **Kampe**

’n Kamp vir ouers én hul kinders kan gehou word as deel van die katkisasiekurrikulum, met die ouer-kindverhouding as fokus. Vir die twee groepe kan verskillende programme uitgewerk word, terwyl daar ook rolspel en ander gesamentlike aktiwiteite kan wees.

– **Kategete**

Die kategeet speel ’n onmisbare rol in die kind se geloofsvorming. Waar die predikant nie self die kategese behartig nie, is dit noodsaaklik dat goeie toerusting aan die kategete gegee sal word, veral in verband met die noodsaak van ’n geloofsvoorbeeld vir die kind.

- **Inhoud van toerusting en voorgestelde model**

Die inhoud vir die toerusting van ouers kan geput word uit die basis- en metateorie wat tot dusver bespreek is. Sommige van die teksgedeeltes kan uitgesonder word om by die spesifieke profiel van die gemeente aan te pas, veral waar daar ’n besondere klem in ’n teksgedeelte na vore kom wat gepas is vir die gemeente. Waarop veral in hierdie tekste gefokus kan word, is die indikatief en imperatief van God se optrede. So word die kinders toegerus deur te sien wie God is, maar ook deur te leer wat God eis. Hierdie balans moet deurgaans gehandhaaf word.

’n Verdere oorsig oor die sosialiseringproses en sosialiseringsagente en hul invloed, dien om die noodsaak van ’n agent wat as geloofsvoorbeeld

optree, te beklemtoon. Van die vernaamste agente wat baie prakties bespreek kan word in die geloofstoerusting, is die rol van ouers, portuurgroep, skool en media.

Die vier prosesse (aandaggewend, bewarend, produserend en motiverend) in die modelleringsproses kan aan die hand van 'n voorbeeld ook op 'n eenvoudige wyse verduidelik word. Elkeen van hierdie prosesse kan bespreek word om te illustreer hoe die geslaagdheid of mislukking van elke proses die oordrag van 'n geloofsvoorbeeld beïnvloed. Kennis van hierdie prosesse is baie belangrik. Kinders se toepassingsvaardigheid van hierdie prosesse kan beter geëvalueer word as bogenoemde vier prosesse bekend is. 'n Diagrammatiese uiteensetting van hierdie prosesse sal ook bydra tot die konseptualisering daarvan. Kennis van hierdie prosesse sal verder groter duidelikheid gee hoe om situasies waarin kinders vreemde sosialiseringswyses toon (byvoorbeeld kinders wat hiperaktief is of konsentrasieprobleme het), beter te verstaan.

'n Moontlike model vir toerusting kan dus soos volg daaruit sien:

- Fundering in die Skrif aan die hand van een of meer van bogenoemde teks(te).
- 'n Bespreking van die sosialiseringsproses en die invloed van sosialiseringsagente op kinders.
- Die verduideliking van die vier prosesse van modellering aan die hand van 'n toepaslike voorbeeld.

### 4.2 Nie-doelbewuste geloofstoerusting

Wat die nie-doelbewuste geloofstoerusting van ouers betref, is die predikant se eie kinders en gesin in die kollig. Hoe hy en sy vrou self ook met hulle kinders omgaan, word beslis deur die gemeente raakgesien. Die gemeente kan ook sien dat die predikant en sy vrou doodgewone ouers is met dieselfde uitdagings in hul kinders se geloofstoerusting as enige ander ouer. Die predikant en sy vrou moet egter hierin 'n voorbeeld vir die gemeente wees, anders sou prediking en enige ander vorm van toerusting oor die onderwerp nie as geloofwaardig geïnterpreteer word nie.

## 5. Samevatting

Die algemene probleem van 'n gebrekkige kerklike betrokkenheid onder die hedendaagse jeug vra dikwels na deeglike geloofstoerusting van die ouers.

Vanuit die Skrif, sowel as vanuit die Sosiologie, is dit duidelik dat die geloofstoerusting van die kind gepaard móét gaan met praktiese geloofsvoorbeelde. Dit is ook duidelik dat geloofstoerusting primêr die ouer se verantwoordelikheid is. Die evangelie moet gekommunikeer word in woord én daad ten einde ware verkondiging te wees. Intensionele en onintensionele geloofsonderrig móét dus saamloop om suksesvol te wees. Hierdie artikel wou dus onder andere praktiese riglyne gee waarlangs hierdie tipe toerusting kan geskied.

## Bibliografie


BANDURA, A. 1986. Social foundations of thought and action. A social cognitive theory. New Jersey : Prentice-Hall.

BASSIS, M.S., GELLES, R.J. & LEVINE, A. 1991. Sociology: an introduction. 4th ed. New York : McGraw-Hill.

BASSLER, J.M. 1996. 1 Timothy, 2 Timothy, Titus. Nashville : Abingdon.

BOTHA, A., LOUW, D.A., VAN EDE, D.M., LOUW, A.E. & FERNS, I. 1998. Die kleutertydperk. (*In* Louw, D.A., VAN EEDE, D.M. & LOUW, A.E., *reds*. Menslike ontwikkeling. 3de uitg. Kaapstad : Kagiso Tersiêr. p. 237-322.)

BREED, G. 1989. Onderrig tot getuienis as ’n doelpunt van die kategese. Potchefstroom : PU vir CHO. (Th.M.-verhandeling.)

BREED, G. 1994. Kategese en geloofsopvoeding. Potchefstroom : PU vir CHO. (Th.D.-proefskrif.)

BROOM, L., BONJEAN, C.M. & BROOM, D.H. 1990. Sociology: a core text with adapted readings. Belmont : Wadsworth.

BYBEL. 1983. Die Bybel : Nuwe vertaling. Kaapstad : Bybelgenootskap van Suid Afrika.

CALHOUN, C., LIGHT, D. & KELLER, S. 1997. Sociology. 7th ed. New York : McGraw-Hill.

CALVYN, J. 1856. Commentaries in the epistles to Timothy, Titus, and Philemon. Edinburgh : Constable.

COCKERHAM, W.H. 1995. The global society: an introduction to sociology. New York : McGraw-Hill.

DE WITT, M.W. & BOOYSEN, M.I. 1995. Socialization of the young child. Pretoria : Van Schaik.

FEE, G.D. 1999. Philippians. Illinois : Inter-Varsity.

HORSLEY, R.A. 1998. 1 Corinthians. Nashville : Abingdon.

KNUTTILA, M. 1996. Introducing sociology. A critical perspective. Ontario : Oxford University Press.

LANDIS, J.R. 1995. Sociology. Concepts and characteristics. Belmont : Wadsworth.

LIDDELL, H.G. & SCOTT, R. 1953. Greek-English Lexicon. Oxford : Clarendon.

LOUW, D.J. 1989. Gesinsverryking. Riglyne vir groei en kommunikasie. Pretoria : Academica.

MACDONALD, M.Y. 2000. Colossians and Ephesians. Minnesota : The Liturgical Press.

McDOWELL, U. 2002. Adolescents at risk: Alcohol use. [Web:] http://ohioline.osu.edu/flm02/FS14.html [Datum van toegang: 21 Feb. 2003].

MOTYER, J.A. 1991. The message of Philippians. Leicester : Inter-Varsity.

MURPHY-GEISS, G.E. 2001. Book review: Family, religion and social change in a diverse society. *Sociology of Religion*, 62(2):268-269.

O'BRIEN, P.T. 1999. The letter to the Ephesians. Grand Rapids : Eerdmans.
OAKES, P. 2001. Philippians. From people to letter. Cambridge : Cambridge University Press.
POPENOE, D., CUNNINGHAM, P. & BOULT, B. 1998. Sociology. First South African edition. South Africa : Prentice Hall.
PRIOR, D. 1993. The message of 1 Corinthians. Leicester : Inter-Varsity.
SCHAEFER, R.T. & LAMM, R.P. 1992. Sociology: a brief introduction. 2nd ed. New York : McGraw-Hill.
SCHNACKENBURG, R. 1991. The epistle to the Ephesians. A commentary. Edinburgh : Clark.
STOTT, J. 1991a. The message of Ephesians. Leicester : Inter-Varsity.
STOTT, J. 1991b. The message of 1 & 2 Thessalonians. Leicester : Inter-Varsity.
THIELMAN, F. 1995. The NIV application commentary: Philippians. Grand Rapids : Zondervan.
VAN DER VEN, J.A., DREYER, J.S. & PIETERSE, H.J. 1997. Belief in God among South African youth and its relation to their religious socialization and praxis. *Hervormde Teologiese studies*, 53(3):867-873.

**Kernbegrippe:**

gelowige ouers en kinders
godsdiensonderrig
sosialisering van kinders
voorbeeld en modellering

**Key concepts:**

believing parents and children
example and modelling
religion-education
socialization of children